

Donderdag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 88:1-19

Fokusgedeelte: Psalm 88:2, 14

Ligpunte in 'n donker nag

Hierdie psalmdigter ken van kleinsaf siekte en swaarkry, en deur sy hele lewe het hy allerlei ellendes leer ken. En nou, met die dood wat naderkom, is hy maar te intens bewus van sy alleenheid en ellende.

Die toonaard van hierdie psalm is neerdrukkend. En tog, al is die digter so vasgevang in die verskriklikheid van sy moeilike situasie, begin hy die psalm met hierdie verrassende gedagte: *God van my heil, of Here, God wat my altyd help ...* Wat gebeur hier? Wat leer die Here ons met hierdie woorde wat weerklank vind in vers 14?

Die psalmdigter gryp, selfs in sy totale nood, steeds aan God vas. Al voel hy al hoe meer vasgevang in sy ellende, en al voel dit asof selfs God hom verlaat, pleit hy steeds by hierdie selfde God.

Selfs al stry hy met die sin van die lewe, hou hy steeds aan God vas, bid hy nog steeds tot God. In dieselfde asem wat hy sy lot bekla, smeeek hy steeds tot God. Dit herinner ons aan ons Here Jesus se aardse stryd. Al het hy geworstel tot die dood toe, al het Hy geroep waarom God Hom verlaat het, het Hy steeds aan God, sy Vader, gehoorsaam vasgehou.

Dit beteken dat Gods weg nooit só donker kan wees dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie. Dit getuig van God se onweerstaanbare genade ... selfs al is dit nie altyd op die voorgrond nie, is dit al waaraan hierdie psalmdigter kan vashou. Die Here is daar! Hy hou die wag. So gaan die donker uur dan om.

God bly my lig, my heil, ek sal nie vrees nie ... selfs nie vir die donker uur nie!

Sing: Psalm 90-1:1, 2, 9

Dr. RM van der Merwe (Rudolph) (Parys)